



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, insluitend
'n formuleblad en 'n 7 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Vaste bates en interne beheer	25	20
2	Begrippe en Staat van Omvattende Inkomste	50	40
3	Staat van Finansiële Posisie en Notas tot Finansiële State	40	30
4	Finansiële aanwysers en Vertolking van Finansiële State	35	30
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: VASTE BATES EN INTERNE BEHEER**(25 punte; 20 minute)**

Die volgende inligting het betrekking op Asande Handelaars vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024.

GEVRA:

- 1.1 Bereken die ontbrekende syfers wat deur (i) tot (iv) in die vaste bate-nota aangedui word. (12)
- 1.2 Stel die Bateverkoperekening op. (7)
- 1.3 Bereken die persentasie toename in die waarde van Grond en Geboue indien hul markwaarde soos op 29 Februarie 2024, R5 500 000 beloop. (4)
- 1.4 Die eienaar merk op dat die kilometers op een van die voertuie uiters hoog is. Hy het dus tot die gevolgtrekking gekom dat die bestuurder die voertuig misbruik. Stel TWEE interne beheermaatreëls voor wat geïmplementeer kan word om die besigheid teen die misbruik van voertuie te beskerm. (2)

INLIGTING:**A. Vastebatenota:**

	GROND EN GEBOU	TOERUSTING	VOERTUIG
Drawaarde op 1 Maart 2023		(ii)	200 000
Koste	(i)	600 000	680 000
Opgehoopte waardevermindering		180 000	480 000
Byvoegings teen koste	750 000	90 000	120 000
Vervreemding teen drawaarde			(iv)
Waardevermindering vir die jaar		(iii)	
Drawaarde op 29 Februarie 2024	4 000 000		
Koste	4 000 000	690 000	440 000
Opgehoopte waardevermindering			

B. Inligting uit die Vastebateregister:

- Waardevermindering word soos volg bereken:
 - Op toerusting teen 10% p.j. op verminderdesaldo-metode.
 - Op voertuie teen 12% p.j. op koste.
- Nuwe toerusting is op 1 Julie 2023 aangekoop. Geen toerusting is verkoop nie.
- Geen grond en geboue is gedurende die jaar verkoop nie.
- 'n Afleweringsvoertuig is op 31 Desember 2023 vir R115 000 kontant verkoop.

Besonderhede wat uit die bateregister oor hierdie voertuig onttrek is:

Kosprys	?
Opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2023	R215 000

25

VRAAG 2: BEGRIPPE EN STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE**(50 punte; 40 minute)**

- 2.1 Kies die konsepte in KOLOM B wat die beste by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.5) op die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 2.1.6 G

KOLOM A	KOLOM B
2.1.1 'n Vaste bedrag vir waardevermindering word elke jaar op vaste bates afgeskryf	A Drawaarde
2.1.2 'n Aparte rekord word vir elke bate in die besigheid gehou	B Waardevermindering
2.1.3 Die vervreemde bate sal teen hierdie waarde in die rekeningkundige rekords weerspieël word	C Waardevermindering op kosprys
2.1.4 Die waarde wat 'n bate gedurende die jaar verloor	D Historiese kostebeginsel
2.1.5 In die nota vir vaste bates word die oorspronklike kosprys getoon	E Vastebateregister
	F Besigheidsentiteitsreël

(5 x 1) (5)

- 2.2 Die volgende inligting hou verband met Eshowe Handelaars. Hul finansiële jaar eindig op 30 Junie 2024.

GEVRA:

Stel die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 Junie 2024 op.

(45)

A. INLIGTING:

Lys van sommige van die saldo's en totale van Eshowe Handelaars op 30 Junie 2024.	R
Handelsvoorraad	371 000
Toerusting	118 000
Voertuie	450 000
Debiteurkontrole	88 480
Vastedeposito: AC Bank	120 000
Voorsiening vir oninbare skulde (1 Julie 2023)	4 444
Lening: Amazing Bank	?
Verkope	1 696 080
Koste van verkope	998 000
Salarisse en lone	156 000
Versekering	56 400
Telefoon	18 000
Huur inkomste	95 600
Verpakkingsmateriaal	21 450
Oninbare skulde verhaal	640
Werkgewersbydraes	54 000
Oninbare skulde	3 450
Bankkoste	5 800
Korting toegestaan	1 200
Rente op vaste deposito	?
Diverse uitgawes	34 000

B Aansuiwerings en addisionele inligting.

- (i) 'n Kredietnota vir goedere wat R2 800 kos, uitgereik aan 'n debiteur is nie aangeteken nie. Goedere is teen 'n winsopslag van 60% op kosprys verkoop. Goedere is terug op die rakke geplaas.
- (ii) 'n Brand het in die stoorkamer ontstaan en goedere wat R18 000 gekos het, vernietig. Die versekeringsmaatskappy het ingestem om 85% van die totale eis te betaal. Geen inskrywings is gemaak nie.
- (iii) Voorraad telling op 30 Junie 2024 het die volgende aan die lig gebring:
 Handelsvoorraad R358 000
 Verpakkingsmateriaal R4 000
- (iv) 'n Debiteur A. Susan is insolvent verklaar. Haar boedel het R480 betaal, wat 30 sent in die rand verteenwoordig, uit die insolvente boedel, wat behoorlik aangeteken is. Die balans moet nog as oninbaar afgeskryf word.
- (v) Voorsiening vir oninbare skulde moet teen 5% van uitstaande debiteure bereken word.
- (vi) Ingesluit by die bedrag vir versekering is R4 800 wat vir die tweede en derde kwartaal van 2024 betaal is.
- (vii) Huur is tot 31 Augustus 2024 ontvang. Die maandelikse huur is op 1 April 2024 met 8% verhoog.
- (viii) 20% van die telefoonrekening was nog uitstaande.
- (ix) Die salaris van 'n werknemer, mnr Osana, is uit die Junie 2024-salarisjoernaal weggelaat. Sy salarisbesonderhede is soos volg:
 Netto salaris R7 800
 Aftrekkings R1 200
 Werkgewer se bydrae tot die WVF is 1% van die bruto salaris.
- (x) Die volgende inligting verskyn in die bankstaat wat van IFM bank ontvang is:
 • Internetbankfooie, R420
 • Diensfooie, R880
- (xi) Die volgende leningstaat is van Africa Bank ontvang:

Saldo op 1 Julie 2023	280 000
Maandelikse terugbetalings gedurende die jaar gemaak (rente ingesluit)	4 500
Rente gekapitaliseer	?
Saldo op 30 Junie 2024	249 800

- (xii) Maak voorsiening vir waardevermindering van R17 250.
- (xiii) Die volgende finansiële aanwyser is aan die einde van die finansiële jaar bereken, nadat al die bogenoemde aansuiwerings aangeteken is:

Persentasie Netto wins op verkope 22%.

VRAAG 3: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE EN NOTAS**(40 punte; 30 minute)****3.1 Tiny-Tony Handelaars**

Die volgende inligting hou verband met Tiny-Tony Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2024.

GEVRA:

3.1.1 Stel die Handels- en Ander Ontvangbaresnota op. (5)

3.1.2 Stel die Ekwiteit en Laste-afdeling van die Staat van Finansiële Posisie op 30 September 2024 op. (17)

INLIGTING:

- A.** Die volgende saldo's het onder andere in die Algemene Grootboek van Tiny-Tony Handelaars op 30 September 2024 verskyn.

Kapitaal: Tiny (01/10/2023)	210 000
Kapitaal: Tony (01/10/2023)	230 000
Privaatrekening: Tiny (Kt.)	15 600
Privaatrekening: Tony (Dt.)	3 600
Handelsvoorraad	125 600
Debiteurekontrole	85 800
Lening: AMP Bank	180 000
Krediteurekontrole	79 500
Toerusting	107 900
Bank (Kt)	5 250
Kleinkas	580
Opgelope inkomste	1 200
SARS: LBS	3 980
Deposito vir elektrisiteit	620
Opgelope uitgawes	450
Pensioenfonds	1 210
Vooruitontvange inkomste	990

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (i) Die debietsaldo van A. Sign, R800, in die debiteuregrootboek moet na hul rekening in die krediteuregrootboek oorgeplaas word.
- (ii) Die lening van AMP Bank is oorspronklik op 1 Oktober 2022 ontvang en sou in gelyke maandelikse paaielemente oor 5 jaar terugbetaal word. Terugbetalings is tot op datum gemaak en aangeteken. Rente word nie gekapitaliseer nie.
- (iii) Tiny het halfpad deur die jaar addisionele toerusting ter waarde van R40 000 in die vennootskap bygedra. Geen inskrywings is in die boeke vir hierdie transaksie gemaak nie.

3.2 BECO HANDELAARS

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van BECO Handelaars onttrek. Die winkel word deur Ben en Collin besit.

GEVRA:

Stel die Privaatrekeningnota op soos dit in die notas by die finansiële state vir die jaar geëindig 30 September 2024 sal verskyn.

(18)

INLIGTING:

A. Die volgende saldo's het op 30 September 2024 in die grootboek van BECO Handelaars verskyn:

Kapitaal: Ben	160 000
Kapitaal: Collin	190 000
Privaatrekening: Ben (01/10/2023) (Dt.)	13 500
Privaatrekening: Collin (01/10/2023) (Kt.)	29 000
Onttrekkings: Ben	119 600
Onttrekkings: Collin	105 550
Wins en verlies	?

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (i) Ben het op 31 Mei 2024 sy kapitaalbydrae met R40 000 kontant verminder. Dit is in hul boeke aangeteken.
- (ii) Collin het die goedere teruggegee wat nie vir sy persoonlike gebruik geskik was nie, voordat die voorraadopname afgehandel is. Die kosprys was R750. Geen inskrywing is in die boeke vir die goedere wat teruggestuur is gemaak nie.

C. Vennootskapsooreenkoms:

- (i) **Vennote se salarisse:**
Ben verdien 'n maandelikse salaris van R8 500. Collin verdien 8% minder as Ben.
- (ii) **Rente op kapitaal:**
Rente op kapitaal word bereken teen 15% p.j. Let wel inligting B (i).
- (iii) **Bonus aan vennote:**
Slegs Ben is geregtig om 'n bonus van R15 300 aan die einde van die finansiële jaar te ontvang.
- (iv) **Oorblywende winste/verliese:**
Die oorblywende winste/verliese word tussen Ben en Collin in die verhouding 3 : 2 onderskeidelik gedeel. Collin se sekondêre verspreiding het R23 980 beloop.

VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE**(35 punte; 30 minute)**

Die volgende inligting is onttrek uit die rekeningkundige rekords van Mila Handelaars, 'n vennootskap tussen Mills en Langa. Hul finansiële jaar eindig elke jaar op die laaste dag van Februarie.

GEVRA:

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:

4.1.1 % Bedryfsuitgawes op omset (3)

4.1.2 Vuurproefverhouding (4)

4.1.3 % Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang verdien deur vennote. (5)

4.2 Verduidelik of die onderneming sy bedryfsaktiwiteite doeltreffend bestuur. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (4)

Verduidelik hoe die onderneming hul verkope in die toekoms kan verbeter. Haal EEN finansiële aanwyser aan. (2)

4.3 Die vennote het besluit om hul besigheidsaktiwiteite in 2024 te verhoog en het ingestem om 'n lening aan te gaan. Verduidelik hoe hul besluit die finansiële risiko van die onderneming beïnvloed het. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers aan. (4)

Verskaf TWEE voorstelle wat die vennote kan oorweeg in plaas van om die lening te verhoog. (2)

4.4 Moet die vennote tevrede wees met die % opbrengs op hul belegging? Verduidelik en verskaf TWEE punte met relevante syfers. (5)

4.5 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2024. Haal TWEE finansiële aanwysers met vergelykende syfers aan. (6)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste:**

	2024	2023
Verkope	3 459 000	3 450 000
Koste van verkope	2 161 875	2 156 250
Bedryfsuitgawes	585 000	621 000
Rente uitgawe	83 100	64 500
Netto wins vir die jaar	629 025	608 250

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie:

	2024	2023
Nie-bedryfsbates (vaste bates)	810 000	670 000
Voorraad	323 100	300 000
Handels- en ander ontvangbares	223 100	175 000
Kontant en kontantekwivalente	100 000	25 000
Kapitaalrekening	2 550 000	1 830 000
Privaatrekening	120 000	140 000
Verbandlening	1 869 000	591 000
Bedryfslaste	359 000	250 000

C. Finansiële aanwysers:

	2024	2023
% bedryfswins op verkope	22,2%	19,5%
% brutowins op koste van verkope	60%	60%
% bedryfsuitgawes op verkope	?	18%
Bedryfsverhouding	1,8 : 1	2 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,8 : 1
Voorraadomsetkoers	5,2 keer	8 keer
Debiteure-invorderingsperiode	56 dae	32 dae
Krediteure-betalingperiode	35 dae	40 dae
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,7 : 1	0,3 : 1
% opbrengs op vennoot se belang	?	22%
Rente op vaste deposito	8,5%	7,5%

35**TOTAAL: 150**

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Langtermynlenings : Eienaarsbelang	Totale bates : Totale laste	



CHIEF DIRECTORATE: EXAMINATIONS AND ASSESSMENT

Steve Vukile Tshwete Complex, Zone 6, Zwelitsha, 5608, Private Bag X0032, Bhisho, 5605 REPUBLIC OF SOUTH AFRICA:

Enquiries: Mrs P. Japhta. Tel: 040 602 7031. Fax: 040 608 7295. E-mail: Penelope.Japhta@ecdoe.gov.za

Website: www.ecdoe.gov.za

Ref. no.	13/P	Tel.:	(040) 608 7031/060 523 8658
Enquire:	Mrs P. Japhta	Fax:	040 608 7295

ERRATUM

TO:

- CHIEF EDUCATION SPECIALISTS
- DISTRICT CURRICULUM COORDINATORS
- DISTRICT ASSESSMENT OFFICIALS (DAOs)
- DISTRICT SUBJECT ADVISORS (DSAs)
- PROVINCIAL SUBJECT COORDINATORS
- CIRCUIT MANAGERS
- DEPUTY CHIEF EDUCATION SPECIALISTS
- SENIOR EDUCATION SPECIALISTS
- PRINCIPALS OF SCHOOLS IN THE FET BAND

SUBJECT: ERRATUM – ACCOUNTING P1 GRADE 11 NOVEMBER EXAMINATION 2024

DATE: 31 OCTOBER 2024

The Accounting P1 Grade 11 November Examination was written on Tuesday, 29 October 2024. We were made aware of an error on the Answer Book, which was discovered during the writing process.

In order to address this and to ensure that learners are not disadvantaged, the following standardised approach to marking must be adopted across the Province. The following guidelines regarding marking was prepared in conjunction with the examiner and moderator.

Issues have been raised regarding QUESTION 2.2, in the answer book, regarding fairness in terms of assessment, there were not enough lines in the answer book (7 instead of 9) for learners to write all the answers under “Operating Expenses”.

RECOMMENDATION

- The Statement of Comprehensive income must be marked out of 40 instead of 45, since the entries made by candidates will differ from candidate to candidate. This will assist in reducing the impact of the error made.

We sincerely apologise for any inconvenience we might have caused.

Yours in education.

MRS P.E. JAPHTA
(A) CES: AIDIBM SUBDIRECTORATE

31 October 2024

DATE



Naam:

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE V1 ANTWOORDEBOEK

VRAAG	MAKS. PUNTE	PUNTE BEHAAL	GEMODEREERDE PUNTE	
			Skool	Distrik
1	25			
2	50			
3	40			
4	35			
	150			

Hierdie antwoordeboek bestaan uit 7 bladsye.



VRAAG 1

1.1 VASTE BATES

(i)	Bereken: Koste van grond en geboue aan die begin van die jaar.		2
	BEWERKINGS	ANTWOORD	

(ii)	Bereken: Drawaarde van toerusting aan die begin van die jaar.		1
	BEWERKINGS	ANTWOORD	

(iii)	Bereken: Waardevermindering op toerusting.		4
	BEWERKINGS	ANTWOORD	

(iv)	Bereken: Drawaarde van voertuig wat vervreem is.		5
	BEWERKINGS	ANTWOORD	

1.2 Bateverkope

											7

- 1.3 Bereken die persentasie toename in die waarde van Grond en Geboue indien hul markwaarde soos op 29 Februarie 2024 R5 500 000 beloop.

--

4

- 1.4 Die eienaar merk op dat die kilometers op een van die voertuie uiters hoog is. Hy het dus tot die gevolgtrekking gekom dat die bestuurder die voertuig misbruik. Stel TWEE interne beheermaatreëls voor wat geïmplementeer kan word om die besigheid teen misbruik van voertuie te beskerm.

PUNT 1	
PUNT 2	

2

TOTALE PUNTE
25

VRAAG 2

2.1 BEGRIPPE

2.1.1	
2.1.2	
2.1.3	
2.1.4	
2.1.5	

5

2.2 Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2024

Verkope (1 696 080	
Koste van verkope (998 000	
Bruto wins	
Ander inkomste	
Oninbare skulde verhaal	640
Bruto bedryfsinkomste	
Bedryfsuitgawes	
Korting toegestaan	1 200
Diverse uitgawes	34 000
Bedryfswins	375 490
Wins voor rente-uitgawe	
Netto wins vir die jaar	

45

TOTALE PUNTE
50

VRAAG 3

3.1 TINY-TONY HANDELAARS

3.1.1 HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARES-NOTA

Handelsdebiteure (85 800)	

5

3.1.2 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 30 SEPTEMBER 2024
EKWITEIT EN LASTE AFDELING

EIENAARSBELANG	
NIE-BEDRYFSLASTE	
BEDRYFSLASTE	
Handels- en ander betaalbares (79 500)	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	

17

3.2 BECO HANDELAARS

PRIVAATREKENINGE	BEN	COLLIN
Vennote se salarisse		
Bonus	15 300	
Rente op kapitaal		
Sekondêre verdeling		23 980
Onttrekkings		
Behoue inkomste		
Saldo aan die begin		29 000
Saldo aan die einde		

18

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 4

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:

4.1.1

% Bedryfsuitgawes op omset	
BEWERKINGS	ANTWOORD

3

4.1.2

Vuurproefverhouding	
BEWERKINGS	ANTWOORD

4

4.1.3

% Opbrengs op gemiddelde belang verdien deur vennote	
BEWERKINGS	ANTWOORD

5

4.2

Verduidelik of die onderneming sy bedryfsaktiwiteite doeltreffend bestuur. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.	
FINANSIËLE AANWYSERS	VERDUIDELIKING (MET SYFERS)

4

Verduidelik hoe die onderneming hul verkope in die toekoms kan verbeter. Haal EEN finansiële aanwyser aan.	
FINANSIËLE AANWYSER	VERDUIDELIKING (MET SYFERS)

2

- 4.3 Die vennote het besluit om hul besigheidsaktiwiteite in 2024 te verhoog en het ingestem om 'n lening aan te gaan. Verduidelik hoe hul besluit die finansiële risiko van die onderneming beïnvloed het. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers aan.

FINANSIËLE AANWYSERS (MET SYFERS)	VERDUIDELIKING (KOMMENTAAR OP RISIKO)
Verskaf TWEE voorstelle wat die vennote kan oorweeg in plaas van om die lening te verhoog.	
VOORSTEL 1	
VOORSTEL 2	

4

2

- 4.4 Moet die vennote tevrede wees met die % opbrengs op hul belegging? Verduidelik en verskaf TWEE punte met relevante syfers.

PUNT 1	
PUNT 2	

5

- 4.5 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2024. Haal TWEE finansiële aanwysers met vergelykende syfers aan.

AANWYSER 1	
AANWYSER 2	
KOMMENTAAR OOR LIKIDITEIT	

6

TOTALE PUNTE
35

TOTAAL: 150



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2024

REKENINGKUNDE V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyn, sal strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing is indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui in nasienriglyn vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of - teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit getoon word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag).
8. Waar strafpunte toegeken word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
9. Waar metodepunte vir bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
Let wel: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, soos kandidaat se berekening (indien geldig) wees, of soos per nasienriglyn.
11. Bewerkings: Moet nie punte vir bewerkings toeken waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☐.
13. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan toon.
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyne besdtaan uit 7 bladsye.

VRAAG 1

1.1 VASTE BATES

- (i) **Bereken: Koste van grond en geboue aan die begin van die jaar.**
- | BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---------------------|--------------|
| 4 000 000 – 750 000 | 3 250 000 ✓✓ |
- 2**
- (ii) **Bereken: Drawaarde van toerusting aan die begin van die jaar.**
- | BEWERKINGS | ANTWOORD |
|-------------------|-----------|
| 600 000 – 180 000 | 420 000 ✓ |
- 1**
- (iii) **Bereken: Waardevermindering op toerusting.**
- | BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|-----------------------------|
| sien 1.1 (ii)
Oud: 420 000 x 10/100 = 42 000 ✓ | 48 000 ✓
een deel korrek |
| Nuut: 90 000 x 10/100 x 8/12 ✓ = 6 000 ✓ | |
- 4**
- (iv) **Bereken: Drawaarde van voertuig wat vervreem is.**
- | BEWERKINGS | ANTWOORD |
|--|------------------------------|
| 680 000 + 120 000 – 440 000 | 109 000 ✓
een deel korrek |
| = 360 000 x 12/100 x 10/12 = 36 000 ✓✓ | |
| Sien berekening hierbo
360 000 ✓ – 215 000 ✓ – 36 000 | |
| | |
- 5**

1.2 Bateverkope

2023 Des	31	Voertuie ✓		360 000 ✓ sien 1.1 (iv)	2023 Des	31	Opgehoopde waardever- mindering op voertuie ✓		251 000 ✓ een deel korrek
		Wins met verkoop van bate ✓		6 000 ✓ balanseerende syfer			(215 000 + 36 000)		
							Bank		115 000 ✓
				366 000					366 000

7

1.3 **Bereken die persentasie toename in die waarde van Grond en Geboue indien hul markwaarde soos op 29 Februarie 2024, R5 500 000 beloop.**

moet saam wees 1 500 000 twee punte	
$\frac{[5\,500\,000 - 4\,000\,000]}{4\,000\,000} \times \frac{100}{1}$	$= 37,5\% \quad \checkmark$ een deel korrek en x 100

4

1.4

Die eienaar merk op dat die kilometers op een van die voertuie uiters hoog is. Hy het dus tot die gevolgtrekking gekom dat die bestuurder die voertuig misbruik. Stel TWEE interne beheermaatreëls voor wat geïmplementeer kan word om die besigheid teen misbruik van voertuie te beskerm

Enige TWEE punte

✓✓

PUNT 1	In- en uitteken van voertuie om op te spoor waar hulle is en wie dit gebruik het / om opsporingstoestelle op die voertuie te plaas / 'n logboek te hê om die beweging op voertuie aan te teken.
PUNT 2	Het 'n beleid oor hoe laat die voertuie terugbesorg moet word op besigheidspersoneel / sluit dit saans op besigheidspersoneel toe.

2

TOTALE PUNTE

25

VRAAG 2

2.1 BEGRIPPE

2.1.1	C ✓
2.1.2	E ✓
2.1.3	A ✓
2.1.4	B ✓
2.1.5	D ✓

5

2.2 ESHOWE HANDELAARS:

Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2024

Verkope (1 696 080 – 4 480 ✓)	1 691 600	☑*
Koste van verkope (998 000 – 2 800 ✓)	(995 200)	☑*
Bruto wins bewerking (Verkope - KVV)	696 400	☑
Ander inkomste	84 400	☑*
Oninbare skulde verhaal	640	
Huur inkomste (95 600 ✓ – 14 340 ✓✓)	81 260	☑*
Voorsiening vir oninbare skulde-aansuiwering (4 444 - 4 144 ✓✓)	300	☑*
Handelsvoorraadsurplus (371 000 + 2 800 ✓ – 18 000 ✓ – 358 000) ✓	2 200	☑*
Bruto bedryfsinkomste		
Bedryfsuitgawes		
Korting toegestaan	1 200	
Diverse uitgawes	34 000	
Verlies as gevolg van brand (18 000 x 15/100) or (18 000 – 15 300)	2 700	✓☑*
Waardevermindering	17 250	✓
Salarisse en lone (156 000 ✓ + 9 000 ✓)	165 000	☑*
Werkgewersbydrae (54 000 ✓ + 90 ✓)	54 090	☑*
Versekering (56 400 ✓ – 2 400 ✓✓)	54 000	☑*
Telefoon (18 000 x 100/80 ✓) of (18 000 + 4 500 1 punt)	22 500	☑*
Verpakkingsmateriaal (21 450 – 4 000)	17 450	✓☑*
Oninbare skulde (3 450 + 1 120 ✓✓)	4 570	☑*
Bankkoste (5 800 + 1 300 ✓) OF (5 800 + 420 + 880) een punt vir albei	7 100	☑*
Bedryfswins	375 490	
Rente inkomste bewerking	20 462	☑
Wins voor rente uitgawe	395 952	☑
Rente uitgawe (249 800 + 54 000 – 280 000) tekens kan omgekeer word	(23 800)	✓☑*
Netto wins vir die jaar indien 22% van verkope	372 152	☑☑

45

-1 vreemde items, Maksimum -2. Misplaaste items. merk slegs bewerking. ☑* Een deel korrek ☑ kontroleer bewerking

TOTALE PUNTE

50

VRAAG 3

3.1 TINY-TONY HANDELAARS

3.1.1 HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARES-NOTA

Handelsdebiteure (85 800 – 800 ✓)	85 000 ☒ *
Deposito betaal	620 ✓
Opgelope Inkomste	1 200 ✓
	86 820 ☒ *
☒ * Een deel korrek ☒ kontroleer bewerking	

5

3.1.2 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 30 SEPTEMBER 2024
EKWITEIT EN LASTE AFDELING

EIENAARSBELANG	492 000 ☒
Kapitaal (210 000 + 40 000 + 230 000)	480 000 ✓ ☒ *
Privaatrekening (15 600 – 3 600)	12 000 ✓ ☒
NIE-BEDRYFSLASTE	120 000
Lening (180 000 – 60 000 ✓✓)	120 000 ☒ *
BEDRYFSLASTE	150 580
Handels- en ander betaalbares (79 500 – 800 ✓ + 3 980 ✓ + 450 ✓ + 1 210 ✓ + 990 ✓)	85 330 ☒ *
Huidige deel van lening sien Lening	60 000 ☒
Bankoortrekking	5 250 ✓
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	762 580 ☒

17

☒* Een deel korrek ☒ kontroleer bewerking

3.2 BECO HANDELAARS

PRIVAATTREKENINGE	Ben	Collin
Vennote se salarisse	102 000 ✓	93 840 ✓✓
Bonus	15 300	–
Rente op kapitaal	28 000 ✓✓	28 500 ✓
Primêre verdeling	145 300 ☒	122 340 ☒
Sekondêre verdeling	35 970 ✓✓	23 980
Netto wins vir die jaar	181 270	146 320
Onttrekkings	(119 600) ✓	(104 800) ✓✓
Behoue inkomste	61 670 ☒	41 520 ☒
Saldo aan die begin	(13 500) ✓	29 000
Saldo aan die einde	48 170 ☒	70 520 ☒

18

☒ check operation

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 4

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024:

4.1.1

% bedryfsuitgawes op omset	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{585\,000 \checkmark}{3\,459\,000 \checkmark} \times \frac{100}{1}$	16,9% ☒ Een deel korrek, x 100 niet een deel korrek Neem aan % indien nie aangedui

3

4.1.2

Vuurproefverhouding	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$223\,100 \checkmark + 100\,000 \checkmark : 359\,000 \checkmark$	0,9:1 ☒ Een deel korrek

4

4.1.3

% opbrengs op gemiddelde belang verdien deur vennote.	
BEWERKINGS	ANTWOORD
$\frac{629\,025 \checkmark}{\frac{1}{2} \checkmark (2\,670\,000 \checkmark + 1\,970\,000 \checkmark)} \times \frac{100}{1}$ 4 640 000 twee punte OF 2 320 000 drie punte	27,1% ☒ Een deel korrek, x 100 not een deel korrek Neem aan % indien nie aangedui

5

4.2

• Verduidelik of die onderneming sy bedryfsaktiwiteite doeltreffend bestuur. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.	
Finansiële aanwysers ☒ ☒	Verduideliking (met syfers) ☒ ☒
% bedryfswins op verkope	Improved from 19,5% to 22,2%
% bedryfsuitgawes op verkope	Goed bestuur aangesien hulle van 18% tot 16,9% afgeneem het
Moenie % bruto wins op koste van verkope aanvaar nie -1 vir oortollige inskrywings, maksimum 2	

4

• Verduidelik hoe die onderneming hul verkope in die toekoms kan verbeter. Haal EEN finansiële aanwyser aan.	
Finansiële aanwyser ☒	Verduideliking (met syfers) ☒
% bruto wins op koste van verkope	Verminder winsopslag / % bruto wins op koste van verkope van 60%

2

4.3

- Die vennote het besluit om hul besigheidsaktiwiteite in 2024 te verhoog en het ingestem om 'n lening aan te gaan. Verduidelik hoe hul besluit die finansiële risiko van die onderneming beïnvloed het. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers aan.

Finansiële aanwysers (met syfers) ✓✓	Verduideliking (kommentaar op risiko) ✓✓ (deelpunte vir onvolledige antwoorde)
Skuld-ekwiteitsverhouding het van 0,3 : 1 tot 0,7 : 1 toegeneem	Die besigheid is nou op hoë risiko / maak te veel staat op geleende fondse / skuld het toegeneem van 30% tot 70% van eie kapitaal.

4

- Verskaf TWEE voorstelle wat die vennote kan oorweeg in plaas van om die lening te verhoog.

Voorstel 1 ✓	Om meer kapitaal by te dra / hul kapitaalbydraes te verhoog.
Voorstel 2 ✓	Kry 'n ander vennoot.

2

4.4

- Moet die vennote tevrede wees met die % opbrengs op hul belegging? Verduidelik. Verskaf TWEE punte met relevante syfers.

PUNT 1	Ja ✓ (of geïmpliseer) % opbrengs op kapitaal ✓ het van 22% tot 27,1% ✓ (met 5,1 % punte)
PUNT 2	% obrengs op hul belegging oorskry ✓ rente op alternatiewe belegging (vaste deposito) van 8,5% ✓ Vergelyking met rente op alternatiewe belegging moet in die kommentaar gemaak of geïmpliseer word om volpunte te kry.

5

4.5

- Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2024. Haal TWEE finansiële aanwysers met vergelykende syfers aan.

Finansiële aanwyser ✓ ✓ syfers ✓ ✓ kommentaar op likiditeit ✓✓

- Bedryfsverhouding het van 2 : 1 tot 1,8 : 1 afgeneem
- Vuurproefverhouding het toegeneem van 0,8 : 1 tot 0,9 : 1 maar dui steeds op die probleem van voorraadophoping.
- Debiteure-invorderingsperiode het van 32 tot 56 dae toegeneem
- Voorraadomsetsnelheid het van 8 keer tot 5,2 keer per jaar afgeneem

Kommentaar op likiditeit

Vennote behoort bekommerd te wees oor die likiditeitsposisie van hul besigheid aangesien dit sal sukkel om sy korttermynverpligtinge na te kom – te veel kontant is vasgebind in voorraad/voorraadophoping / debiteure neem te lank om te betaal wat mag lei tot likiditeitsprobleme / voorraadomsetsnelheid het gedaal wat 'n afname in die vraag na produkte toon.

6

TOTALE PUNTE

35

TOTAAL:

150